

18 Oktober

Matteus 16:1-4

Die baie tekens en die een teken

Die Fariseërs en Sadduseërs wend hulle gesamentlik tot Jesus met die versoek dat Hy aan hulle, as 'n teken uit die hemel, 'n wonder sal doen. Dit is duidelik, dit moenie 'n gewone teken wees nie. Hulle soek iets anders 'n Wonder uit die hemel! Jesus wat 'n dooie lewend maak, 'n kreupele laat loop, 'n blinde laat sien en 4000 mense voed met sewe brode en 'n paar vissies (soos wat Hy sopas gedoen het), is doodeenvoudig nie goed genoeg nie. Dit is te alledaags. Dit mag dalk die skare aangryp, maar nie meer vir ons nie. Nee Jesus, gee ons, iets groters! Gee ons 'n wonder uit die hemel en wys ons 'n slag waartoe is U in staat!

Hoe antwoord Jesus hulle? Voldoen Hy aan hulle "eis"? Met soveel wysheid antwoord Jesus hulle as Hy sê: Julle beskik oor al die kennis om goeie weervoorspellers te wees, want "in die aand sê julle: Daar kom mooi weer, want die lug is rooi, in die môre sê julle: Vandag sal dit onweer wees, want die lug is donkerrooi."

Wat wil Jesus hiermee vir hulle sê? Dit: Die tekens van hierdie aarde ken julle baie goed, eintlik uitstekend, sodat julle die weersgesteldheid vir môre kan voorspel. Maar die probleem is, julle is so aardsgebonde dat julle die grootste Teken van alle tye wat uit die hemel kom, skoon miskyk. Die Teken uit die hemel waarna julle vra, staan vlak voor julle: Dit is Ek, Gods eniggebore Seun! Sien julle My nie raak nie? Ek het gekom, net om kreupeles te laat loop en blindes te laat sien nie, maar om ook genesing van sondes te bring vir almal wat waarlik glo.

Ons is dikwels so besig en bedrywig met baie dinge, soos Marta van die Bybel, terwyl die een ding, die belangrikste van alles, ontbreek. Jesus is by ons en ons kyk Hom mis. Of ons lees in elke tweede ding wat met ons gebeur 'n teken in, terwyl ons die grootste Teken, Jesus Christus, miskyk omdat ons geloof so wankelend en onseker is. Nee, ons het mos die Bybel en die Sakramente, kosbare tekens wat heenwys na Jesus Christus, die gekruisigde. Gebruik dit! Wat wil ons meer hê? Hierin het ons alles.

Ds. P.J. van der Walt (Bethlehem)